

INFORMASIE-TEGNOLOGIE

INFORMATION TECHNOLOGY

LAAT DIE SOEKTOG BEGIN!

Het jy al ooit 'n soektog gedoen op 'n soekenjin net om 1267 resultate te kry wat niks te doen het met wat jy in die eerste plek gesoek het nie?

Internetsoekenjins beskik oor die vermoë om 'n geweldige groot hoeveelheid webbladsye te deursoek deur van titels, sleutelwoorde of teks gebruik te maak. Maar om die regte resultate vinnig en effektief te lewer, moet jy weet hoe om dit optimaal te benut.

Ons het 'n paar basiese wenke saamgestel om dit makliker te maak vir jou.

- **Kies meer as een sleutelwoord**

Die meeste mense gebruik 1.5 woorde per soektog en dis nie genoeg vir 'n suksesvolle soektog nie. Die aanbevole aantal woorde is 6 tot 8, verkieslik selfstandige naamwoorde. Lidwoorde en voornaamwoorde word geignoreer deur soekenjins. Vermoedlik werkwoorde en byvoeglike naamwoorde behalwe as dit die onderwerp beter definieer.

- **Gebruik frases**

Frases is kombinasies van twee of meer woorde wat in die presiese volgorde in die teks wat jy soek gevind kan word. Maak seker jy sit die frase in aanhalingstekens, byvoorbeeld "regte resultate vinnig".

- **Hoofletters en leestekens**

Die meeste soekenjins is sensitief as dit kom by kas. As jy kleinletters gebruik word sal die meeste soekenjins egter beide hoofletters en kleinletters raaksien. Kleinletters is dus jou veiligste opsie.

- **Booleansoektogte**

"Boolean" soektogte is vernoem na George Boole, 'n 19de eeuse wiskundige. 'n Boolean-soektog is 'n handige hulpmiddel wat die beste soekresultate lewer. Die drie algemeenste Boolean-opsies is AND, OR en AND NOT.

AND beteken jy soek net dokumente wat beide/albei woorde bevat. Byvoorbeeld as jy "search engines" AND "Google" AND "Boolean" kies, sal jy slegs resultate kry wat al drie woorde bevat.

OR beteken jy soek resultate wat een van die twee woorde bevat – dit maak nie saak watter een nie. Gebruik verkieslik sinonieme vir hierdie opsie. Byvoorbeeld "small caps" OR "lower case".

AND NOT beteken jy soek resultate wat een word bevat, maar nie as die dokument ook 'n spesifieke ander word bevat nie. Die soektog "Google" AND "search engines" AND NOT "Boolean" sal dus slegs vir jou die dokumente gee met "Google" en "search engines", maar nie "Boolean" ook in het nie.



Die meeste soekenjins ondersteun die **AND NOT**-opsie, maar soms word dit ook **BUT NOT** of **NOT** genoem. In hierdie gevalle word dit aangedui deur `n minusteken voor die word of frase te plaas.

- **Let op jou spelling en oorweeg ook alternatiewe spelling van woorde.**
- **Gebruik spesifieke woorde eerder as generiese kategorieë.** Soek eerder "skootrekenaar" as "rekenaars".
- **Soek slegs op `n spesifieke webwerf of domein.** Om dit te doen tik die frase wat jy soek, gevolg deur "site:" en die webwerfadres. (Byvoorbeeld inetkey site:www.sun.ac.za/infoteg)
- **Gebruik `n spesialis-soekenjin, soos `n beeld("image")-soekenjin, om fotos en prentjies te soek.** Baie webwerwe het ook hulle eie spesiale onderafdelings waaronder jy kan soek. [Wikipedia het ook `n baie volledige lys oor spesialis soekenjins.](#)

Onthou daar is tussen 200 en 800 miljoen dokumente aanlyn! Hoe beter jy jou soektog definieer, hoe meer tyd gaan jy spaar.

Volgens oorlewering het Amazon die nommer een aankope-webwerf geword omdat Yahoo destyds voordat Google bestaan het, al die webwerwe in hulle gids alfabeties gelys het! Gelukkig het tye verander.

Om meer te leer oor soekenjins en hoe om hulle beter te gebruik, gaan loer gerus by [Search Engine Watch](#).

Posted in:Algemeen,Internet | Tagged:Boolean Soektog,Google,Soekenjins | With 0 comments